LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

04-06-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 20 VIR 2018

1 **EKSAMEN**:
- Graad 1, 2 en 3 verdaag vanaf 28 Mei om 13:00 en Graad 4-7 verdaag 13:15 tot einde van die kwartaal.
- Ons wil graag vir die leerders die geleentheid gee om voor te berei vir die eksamen die volgende dag.
- Ons versoek die juniors se ouers om asb. dadelik u kind op te laai sodat daar parkering is vir die senior leerders se ouers.

2 FORMELE ASSESSERING:
- Leerders het begin met formele assessering. Grondslag- en Intersenfase doen daagliks 'n assesseringsaktiwiteit. Leerders moet asseblief elke dag teenwoordig wees. **As hul afwesig is, moet daar 'n doktersbrief ingehandig word, ook as hulle net kom skryf en dan weer huistoe gaan**. Indien u kind tuisbly sonder 'n doktersbrief of ander geldige verskoning kan hy/sy 0 kry vir die aktiwiteit wat op daardie dag afgehandel is.
- Die skool begin met 3de kwartaal se werk na afhandeling van alle assessering. Normale klaswisseling vind plaas in die eksamen.
- Leerders is skoolpligtig.
- Geen ouer boetie of sussie mag leerders kom uitteken nie.

3 FONDSINSAMELING:
Baie dankie vir elke leerder, ouer en Volkie Vriend wat van hierdie fondsinsameling 'n reuse sukses gemaak het.
Die karretjie is gewen deur - Mnr Francois Erasmus
Die klas wat die meeste kaartjies verkoop het - Graad 1 A
Die leerder wat die meeste kaartjies verkoop het - Danel de Wet (Gr 7)

4 HEIDELBERG EISTEDDFOD:
Alle uitslae moes Vrydag, 1 Junie ingehandig wees, al wat uitstel kry is Kuns en Kreatiewe skryfkuns. Geen ander Heidelberg Eisteddfod uitslae sal meer aanvaar word nie. Kunsstukke se uitslae sal opgeskryf word sodra dit ontvang word. Kuns wat deur buite-instansies gedoen is, se sluitingsdatum vir uitslae is Vrydag, 15 Junie.

5 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 1:
Die Suikerbosrand Eisteddfod Deel 1 vind plaas vanaf 11-21 Junie by die TPA Saal in Heidelberg. Tye en datums-briefies is laasweek uitgedeel. Bring asb. uitslae, sertifikaat en repliek (Gr 1-3) asook naam van gedig/dramstuk na Juf. Lizelle en (Gr 4-7) na Juf. Helanie. Afsnydatum vir Suikerbosrand Eisteddfod uitslae is Vrydag, 20 Julie (eerste week na die skool begin het.) Geen laat uitslae word aanvaar nie.

6 NETBAL 2018:
Baie dankie aan elke speler en ouer vir 'n heerlike, suksesvolle seisoen!

7 RUGBY:
Baie sterkte vir ons 2de en 1ste spanne wat Woensdag, 6 Junie in die semi-finale speel.
Die 0/9 - 0/11 rugbyseuns moet asb. onthou om hul rugbytruie terug te bring skool toe.

8 VOLKIE NUUSBULLETIN:
Stuur asb al die buite-sport inligting aan, na helenebotha@laervolkskool.co.za vir ons kwartaal se koerantjie voor of op Vrydag, 8 Junie 2018.

9 LEIERSONTWIKKELING:
Die leiers gaan 'n leiersontwikkelingsessie bywoon - leierskap in die wêreld van werk - op Dinsdag, 12 Junie 2018 vanaf 13:30 - 15:00 in die skoolsaal.

10 KOOR:
- Juniorkoor:
  - Juniorkoor oefenprogram van hierdie week af:
    Maandag - 4 Junie - 13:20 - 14:00
    Maandag - 11 Junie - GEEN OEFENING
    Maandag - 18 Junie - 13:20 - 14:00
- Seniorkoor:
  - Seniorkoorlede moet asb. by die oefeninge wees. Ons het 2 of 3 oefening oor voor Eisteddfod optrede. Reël asb. doktersafsprake/tandartsafsprake ens. op ander dae as dit moontlik is. Koor-oefening kom nie tot sy volle reg as almal nie daar is nie.
  - Seniorkoor oefenprogram:
    Woensdag - 6 Junie - GEEN OEFENING a.g.v. eksamen
    Woensdag - 13 Junie - GEEN OEFENING
    Woensdag - 20 Junie - BAIE BELANGRIKE KOOR OEFENING vanaf 13:30 - 15:45 - Almal moet asb. teenwoordig wees.

11 SPREEKKOOR:
Daar is geen oefening verder die kwartaal nie. Ons begin weer op 23 Julie met oefening.

12 ATKV-REDENAARS:
Baie sterkte aan Elmien Labuschagne (Gr 6), Mieka Rabie (Gr 1) & Milan Rautenbach (Gr 3) wat Vrydag aan die 2de rondte van die ATKV by Hoërskool Transvalia deelneem. Ons hou duimvas.

13 WILDSFEES:
Baie dankie vir elkeen wat van die Wildsfees 'n sukses gemaak het. Ons sien julle almal weer volgende jaar! Daar is 500g Blouwildebees droëwors pakkies @ R100 te koop by Mnr Tiaan.

14 AKADEMIESE UITSTAPPIE:
Vanjaar is ons Akademiese uitstappie op Woensdag, 18 Julie 2018. Ouers word herinner om asb. die gelde van R160 voor of op 12 Junie 2018 in te betaal by die klasonderwyser. Indien u wil EFT, gebruik AKADEMIE/U KIND SE NAAM/GRAAD as verwysing.
Verdere inligting volg nader aan die tyd.

15 FOTODAG: 19 JUNIE 2018
Minisporte, rugby, netbal & skaak foto's, saam met die afrigters. Onthou julle sportdrag.

Volkiegroete

P. STRYDOM: HOOF